

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

ALLES NET GENADE

• Die 20/21 stroopseisoen is in volle swang en lyk dit of die opbrengs vanjaar bo-gemiddeld is. Die warm weer van die afgelope twee weke het ook soyabone vinnig laat droog word en moes boere spring om die oes af te haal.

65-JARIGE SAKEMAN ONTVANG ERE-DOKTORSGRAAD

Die 65-jarige sakeman van Heilbron, Simon P. Maseko, ontvang Saterdag, 17 April 'n ere-doktorsgraad in Teologie van die Trinity International Bible University – an International Institution of Higher Learning Based in Africa.

Maseko is reeds vir 'n aantal jare die plaaslike pastoor van die International Assembly of God Church in Heilbron en bedryf ook verskeie sakeondernemings.

Simon is in 1956 op Reitz

gebore en het na sy skoolopleiding vir drie jaar studeer aan die Bybelskool in Rustenburg waar hy hom daarna as pastoor op Heilbron gevestig het. Hier het hy reeds diep spore getrap en ook onder meer by die Korrektiewe Dienste.

Pastoor Maseko was ook 'n ruk lank in Engeland waar hy homself verder bekwaam het.

Die gradeplegtigheid vind Saterdag plaas by 814 Seelestraat, Phiritona, Heilbron.



DUPNO Trading

Awegare
Ontvangsbakke
Graandamme
Waterdamme

Fynro: 073 288 7585
Kern: 083 260 8943
cyno.dupno@gmail.com
perzenis@gmail.com

the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

KRYOLAN
PROFESSIONAL MAKE UP

NOW AVAILABLE!

© 063 721 4950 ☎ 087 527 0723
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

BKB LOUWID

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!

In FOKUS hierdie week Voedsame Produkte

'n Paar plaaslike vervaardigers vertel vir ons wat hulle produkte so spesiaal maak en verduidelik hoekom dit noodsaaklik is vir ons gesondheid. Ons kan gerus meer van hierdie voedsame kosse by ons dieet insluit.



In die hartjie van die Riemland-streek vind u die beste biltongprodukte, verkry van top gehalte beesveleissnitte. Natuurlik gedroog in 'n beskermde omgewing tot perfeksie om buitengewone biltongprodukte te verseker. Laat ons u dus neem op 'n reis

na die dae van pioniers, oop vlaktes, nagvure en onvertelde verhale.

Probeer gerus hierdie eg Oos-Vrystaatse produk vir 'n onvergeetlike smaakervaring.

Navrae: Piet 072 353 7191 of Carin 082 874 6136.

DIE PERDEKAR PLANNE

Hier volg 'n kort beskrywing van die roete van 500km wat met 'n "Gentelman's Spider" perdekar beplan word:

Daar word ses perde gebruik wat roteer gaan word. Die idee is om historiese gebeurtenisse en interessantheide langs die roete oor te vertel en af te neem en in die aande gaan ons lekker gesels met ons gaste om die kampvuur. Dit gaan ook opgeneem word. Elke aand sal gaste oorgenooi word om stories met ons te deel. Beeskraal kom vir ons kuier op die 25ste April en Radio Kalahari Orkes kom kuier die 1ste Mei. Daar word nog reëlings vasgemaak in verband met die gaste vir die ander aande. Gaan lees meer oor die avontuur op die voorblad van laas week se Heilbron Herald. Dié wat die tog wil dophou kan die Facebookblad *My Soektog* volg. Hierdie platform sal dan ook in die toekoms gebruik word vir die volgende avonture en word daar reeds beplan om in Desember met 'n seiljag van die Kaap na die St. Helena eilande te vaar.

Die beplanning is soos volg:
Dag 1, 19 April: Sasolburg na
 Weltevrede Leeupaas.

Dag 2, 20 April: Leeuplaas na Heilbron; slaap by rivier kampplek net buite Heilbron.

Dag 3, 21 April: Heilbron na

Vegkop, slaap op Vegkop erfenisterrein.

Dag 4, 22 April: Vegkop na Petrus Steyn Slaap by Twin se Kampplek.

Dag 5, 23 April: Petrus Steyn na Reitz, Slaap by Voortrekkergronde.

Dag 6, 24 April: Reitz na Akkerbos.

Dag 7, 25 April: Akkerbos na Vrede, slaap by vakansie oord by dam.

Dag 8, 26 April: Rusdag in Vrede indien nodig.

Dag 9, 27 April: Vrede na Wit Dirk se plaas tussen Verkykerskop en Vrede.

Dag 10, 28 April: Wit Dirk se plaas na Memel.

Dag 11, 29 April: Memel na Amajuba feesterrein.

Dag 12, 30 April: Amajuba na Wakkerstroom.

Dag 13, 1 Mei: Wakkerstroom na Utrecht.





INTERESSANTE FEITE

Eiers word in 'n dag teen kamertem-
peratuur vinniger out as een week in 'n
yskas (100000 blyre eiers in die yskas).

Vers eiers hou ongeveer **1
maand** in 'n yskas. 'n
Gekookte eier (nog in dop)
hou **1 week**.



As jy per ongeluk 'n eier op die grond
laat val, gooi baie sout oor om dit
makliker skoon te maak.

Vers eiers sal sink in water, 'n vros eier
dryf bo.

As 'n eier oorkook is, kan dit die
gehalte van die proteïen beïnvloed
en van die vitamiene vernietig.



'n Dowe of malterige eier
wit is 'n teken van versheid, nie
oudendom nie. 'n Laperige wit
waterige eierwit is 'n teken van
oudendom.

'n Hen het sowat 'n dag en 'n half
nodig om 'n eier te vervaardig.

'n Gemiddelde hen lê 300–325 eiers
per jaar en hoe ouer 'n hen raak, hoe
groter raak haar eier.



Jy kan 'n eier tol om te bepaal of dit
reu of gekook is. As dit wankel, is dit
reu, en as die maksim tol, is dit gekook.

Een mens eet jaarkos sowat
250 eiers.



EIERS WORD AS 'n VOLLEDIGE TOPGEHALTE PROTEÏEN GEKLASSIFISEER. EN VORM DUS BELANGRIKE BOU- STENE VIR 'N GESONDE LIGGAAM

(1 hele eier gee jou sowat
'n 1/3 van die hoeveelheid proteïen wat
jy per dag benodig)



**Navrae: 072 872 8488
of 072 454 6777**



**EXCELLENT
EGGEXPERIENCE**

Die Hello Honey bye - boerdery is in 2010 deur SP Naudé as 'n stokperdjie begin. Dit het egter gegroei en uitgebrei tot 'n meer voltydse boerdery.

Alle byekorwe is SABIO geregistreer. Die boerdery is hoofsaaklik in die Heilbron area geleë en bestaan uit heuning-produksie asook bestuiwing vir die gewas-produisente. Heuning word op groot en klein skaal verkoop. Meeste mense weet reeds heuning het veelsydige voordele. Dit bevat 'n natuurlike antibiotika



en kan selfs brandwonde genees.
As 'n natuurlike versoeter het dit
verskeie meer voordele teenoor die
nuwe-efkte van suiker.
Wanneer jou keel weer seer is,
probeer gerus 'n teelepel heuning
in rooibos-tee met 'n bietjie
suurlemoen- of selfs 'n skyfie
suurlemoen.

Vir navrae kontak geurs vir SP
by 073 856 1716.

LAE PRYSE VIR JOU elke dag

SOOS OP TV

SPAR
Margarien
Blok
500 g

LAAS PRYS

KOOP 2 VIR
30⁰⁰

SOOS OP TV

SPAR
Roomys
2 liter
(Verskeidenheid)

LAAS PRYS

Kry
R2 af

Rewards-kantoor betaal
R39⁹⁹

Kellogg's
The Original
CORN FLAKES
MAKIE WATERS KOSKIE EUREN

750 g

Kellogg's
Graanvlokkies
750 g

44⁹⁹

SOOS OP TV

SNOWFLAKE
too fresh to flip
cake wheat flour

LAAS PRYS

SOOS OP TV

ZERO % BTW
op die prys

Snowflake
Koekmeel
2,5 kg

LAAS PRYS

Kry
R2 af

Rewards-kantoor betaal
R22⁰⁰

SOOS OP TV

SPAR
Gepeurde
Gaskoeldrank
2 liter

LAAS PRYS

KOOP ENIGE 3 VIR
27⁰⁰

SOOS OP TV

Bobtail

ADULT

Bobtail
Hondekos
(Puppy ingesit.)
5,5 kg/ 6,5 kg/
7 kg/ 8 kg

127⁹⁹
per pak

SOOS OP TV

Sunlight
2 in 1

Sunlight
2 in 1
Handwaspoen
(Gewoon,
Lavender
of Tropical)
2 kg

38⁹⁹
elc.

**KOOK
SOOS 'N
MEESTER-
SJEF**

SPAAR TOT 75%
op MasterChef aluminium kookware

SPAR

Promosie geld tot 15 Maart of 15 April 2021. Toeslaan op MasterChef aluminium kookware tot 15 Maart of 15 April 2021. Toeslaan op MasterChef aluminium kookware tot 15 Maart of 15 April 2021. Toeslaan op MasterChef aluminium kookware tot 15 Maart of 15 April 2021.

**KOOP
VERSAMEL
SPAAR**

SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR.

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

SPAR

Maak gebruik van die SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR.

Die SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR. SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR.

TV produkte word nie beskikbaar gestel vir die SPAR.

SPAR is 'n geleëde van SPAR, SPAR en SPAR.



UIT DIE PEN

Ek sien die ander dag dat ek 550 volgelinge op Facebook het.

Skoolvriende, oud-kollegas, universiteitsvriende, vriende se vriende, vriende se kinders, kinders se vriende en kinders vir wie ek skoolgehou het (diegene wat my gehaat het, ingesluit). Nie dat dit 'n prestasie is nie, want hierdie mense is nie vriende nie. Daarom noem ek hulle volgelinge, alhoewel hulle nou nie my wel en wee volg nie. Want daar is net mooi niks om te volg nie. Hulle is net daar om te sien wat jy *perdalks* aanvang en om, wanneer hulle dit per ongeluk sien, jou geluk te wens met jou verjaarsdag. My lewe word nie op Facebook uitgestal nie. Meestal omdat my eie persoonlike lewe maar redelik saai sal voorkom vir ander. En ek is heeltemal tevrede daarmee. Die ander rede is omdat ek grotesk lyk op fotos. Wel, ek is seker redelik naby aan grotesk, maar ek hou nie van die fotos wat laer as my nek strek nie.

Dus: My Facebook, my keuse.

Ek lees die ander dag 'n artikel oor voornemende werkgewers wat 'n span het wat

'n studie van 'n aansoeker doen: om te sien wat hulle alles op sosiale media aanvang en kwytraak. Hulle gaan hulle tyd mors met my: ek verkies my fotos op my selfoon met sy uitstekende kamera of op my rekenaar en verkies eerder persoonlike kontak as die wêreldwyweb.

Wie van julle kan, na amper 40 jaar, sê dat jy nog vriende is met jou skoolmaat?

Ek het twee van hulle: Willem en Rudi. Ek en Willem het saam in die groen bus skool toe en terug gery. Ons het dieselfde tasse gehad. Wat gereeld deurmekaar geraak het. Ons was altwee vars in graad 1 toe ons mekaar leer ken het. Vandag het ek nog redelik kontak met Willem.

Ek het vir Rudi ontmoet toe ons so middel laerskool was. Ek was 'n koshuisbrak en hy het in die dorp gewoon. Ek kan nie onthou dat ons ooit laerskoolvriende was nie, dalk net volgelinge, maar in die hoërskool het ons 'n volskaalse vriendskap gesmee.

Dit was nou nadat ek een oggend, in graad 8, vir hom geskree het: Ek. Hou. Niks. Van. Jou. Nie. Want ek was in daardie dae heimlik verlief op hom. Asof hy dit nie geweet het nie!

Ons het van die plaas af dorp toe getrek toe ek in graad 9 was, twee blokke van Rudi-hulle af ingetrek. Ons het tot aan die einde van ons skoolloopbaan elke liewe dag saam skool toe en terug gestap. Toe ons in graad 12 was, was Rudi se jongboet ons graad 8-sot. Hy moes my tas dra, en in die hete somer vir my koelte maak met 'n reuse rooi sambreel.

Rudi was my steunpilaar, tot my ouers se groot ontsteltenis. Ons kon vir ure in sy kamers gesels. My ouers se generasie wat mos glad nie geneë met meisies wat in seuns se kamers rondhang of vice versa

WEEK VYFTIEN VAN 2021

nie. Rudi was my klankbord vir elke seun op wie ek rasend verlief geraak het, en hy het nooit uitgepraat nie.

Ek en Rudi het 'n liefde vir musiek gedeel. Hy sou 'n lied se bladmusiek, nà 'n lang gesukkel, op presies dieselfde toonhoogte as die oorspronklike neerskryf, waar ek sommer my eie note sou opmaak in 'n maklike toonsoort. Ons het honderde liedjies se woorde geken en saam gesing in die koor. Ons het saam skoolkonsert met die debataande gehou.

Ons Geskiedenisonderwyser, 'n beneukte ou man, het halfpad tussen my en Rudi gewoon. Hy was vas oortuig dat ek en Rudi nou al vir jare 'n verhouding het, en het sommer so af en toe in die klas daaroor 'n aanmerking gemaak.

Ek en Rudi is na verskillende universiteite toe. Rudi wou opsluit 'n sielkundige word (wat hy toe geword het) en ek het die wetenskappe probeer.

Rudi het sy ewige liefde, Erika, op universiteit ontmoet, hulle twee is getroud het ek het die voorreg gehad om hulle twee pragtige dogters te sien grootword.

En deur dit alles het Rudi my vriend gebly. Letterlik deur dik en dun.

Ek kan hom steeds in die middel van die nag bel en hy sal (hopenlik, as hy wakker genoeg is), die foon beantwoord om my te help. Hy moes al, per geleentheid, sy hoed as sielkundige opsit om my weer op die straight and narrow te kry. Hy het al tranes help afdroeg, saam met my geswets oor iemand wat my seergemaak het en baie rooiwyn gedrink. Toe my ou pa een Desemberavonds vir

omtrent 10 dae in die hospitaal opgeneem is, het ek en my goeie man onself by Rudi en Erika (wat naby die hospitaal was) tuisgemaak. Ons het lang geselses gesels. So het dit dan gebeur dat ons daardie jaar saam met hulle die oujaar ingewag het. Ons het skooldae herleef en sokkiemusiek geluister terwyl ons uit volle bors saamgesing het.

Rudi het vir Erika, vir my goeie man en vir my elkeen 'n stuk papier en 'n pen gegee.

“Skryf alles hier neer wat jy in 2016 (ek dink dit was daardie jaar) wil los.”

Ons het eers gegiggel, en later ernstig begin neerskryf. Ons moes ons briefies opvou en dit in die blikkermertjie gooi, waarna ons dit aan die brand gestee het. Dit was vir my 'n emosionele oomblik, effens surrealisties, om te sien hoe my oujaarkwellinge in rook opgaan.

En toe die nuwe jaar aangekondig is, het ons met kleren en al in die swembad gespring. Soos kinders, al het ons lank reeds daardie skoene begrawe.

Rudi en Erika het ook 400 kilometer afgelê om by te wees met my ou pa se begrafnis.

Dis die verskil tussen 'n vriend en 'n volgelinge: vriende kyk jou nie snaaks aan as jy met volle oorgawe gesels, huil, lag of laf is nie. Vriende doen dit saam met jou, hou jou vas wanneer jy gaan val, praat moed in en help jou om jou vrese te verbrand.

Vriend Rudi het hierdie week verjaar, ek wens vir almal 'n vriend soos hy.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Helene Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Ek wil baie graag die personeel, ook in die kombuis en kantore, baie dankie sê, in dié tyd wat ons onder kwarantyn is en in ons kamers moet bly, vir al die opofferings, om drie maal per dag, ons etes kamer toe te bring. Dit word baie waardeer, want dis ekstra werk vir die personeel. Baie dankie, julle is staatmakers. Baie dankie vir julle in die kombuis wat sorg vir die voorbereiding van die lekker kos.

ROLBAL KOMPETISIES WEER AAN DIE GANG

Soos ander sportsoorte word rolbalspelers ook elke nou en dan, as gevolg van Covid 19, verplig om met “Jan tuisbly se karretjie” te ry, maar die oomblik as die boeie afgehaal word dan word rolbalsakke uitgehaal en balle afgestof. Die afgelope Saterdag is die Valsrivier enkels kompetisie by Kroonstad Rolbalkklub aangebied en Heilbron was weer goed verteenwoordig deur Carina Kleynhans, Hannalie Claassen en Ronel du Plooy.

Hierdie kompetisie was goed ondersteun deur al die Valsrivierklubs en Heilbron se drie dames het nie vir hulle teruggestaan nie. Ronel en Carina het hulle goed van hulle taak gekwyd, maar moes uiteindelik die aftog blaas en kon hulle nie deurdring na uitspeelwedstryde nie. Vir 'n nuwe speler wat slegs 'n paar maande gelede die spel opgeneem het, het Ronel baie goed gevaar teen ander meer ervare spelers. Om op te maak vir Carina en Ronel het Hannalie besluit sy

gaan nie terugstaan nie, en sy het deurgedring na Sondag se uitspeelwedstryd.

Self nog 'n redelike nuwe rolbalspeler, beland sy Sondag tussen die “ou hande” waar vasbyt en fokus die wagwoord is en met hierdie vasberadenheid eindig sy uiteindelik derde en dring sodoende deur na Noord Vrystaat se uitspeelkompetisie.

Die klub wil ook die volgende nuwe lede welkom heet: TL de Waal en sy vrou Henriehett, asook vir Magda Dames.

Don't Delay SHOP NOW SAVE TODAY

13 April - 18 April 2021

SPAR

SPAR Butcher's Best Chicken, Chicken Cheese, Smoked with Cheese or Chili Vleisies 500 g

34⁹⁹

per pack

Sunshine D Lite 40% Fat Spread 1.2 kg

25⁹⁹

Maroon Orange, Peach, Cream Soda, Blackberry or Raspberry Crush 2 Litre

39⁹⁹

each

Bakoma Weetbix Wholegrain Wheat Biscuits 1.35 kg

64⁹⁹

Lipton Ice Tea 1.5 Litre

19⁹⁹

each

Stork Modified Butter Spread 500 g

BUY 2 FOR 100⁰⁰

Surf Hand Washing Powder 2kg, Surf Pine Gel 1 Litre and Surf Dishwashing Liquid 750 ml

BUY ALL 3 FOR 71⁹⁹

My Deli Cheese Bonito Cheddar or Gouda Cheese

79⁹⁹

per kg

*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.

Specials available from 13 April to 18 April 2021 at selected SPAR, SUPERSPAR AND KWIKSPAR SOUTH RAND stores, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Prices include VAT.

NUWE PERSONEEL BY HOËRSKOOI REITZ



Die volgende personeellede het by Hoërskool Reitz aangesluit. Monique van Schoor (Graad 2) en Wynand Jacobs (Adjunk-hoof).



HOËRSKOOI REITZ SE ATLETE PRESTEER PUIK

Die volgende atlete van Hoërskool Reitz het puike prestasies tydens die Vrystaat Atletiekkampioenskappe. Aluschka Heymans behaal 'n eerste plek vir dames 0/20 10000m stap. Johanné Bonthuys behaal in die 0/20 dames afdeling 'n vierde plek vir verspring, vyfde plek vir 100m hekkies en sesde plek vir 100m.



Die volgende leerlinge is aangewys as die VRL-verteenvoerders vir graad 8 tot 11 vir Hoërskool Reitz in 2021. Graad 8 - Zanell Dorfling en Adriaan Bonthuys Graad 9 - Kaitlyn van der Schyff en Wian Nel Graad 10 - Megan Kruger en Jehoshua de Bruyn Graad 11 - Carla Fivaz en Luan Strauss

INSPIRERENDE SPREKER BESOEK REITZ



Hoërskool Reitz se graad 12-leerders en personeel het na 'n uiters opbouende en positiewe gesprek met Mnr. Johan Volsteedt (voormalige skoolhoof van Grey Kollege Sekondêr in Bloemfontein en huidiglik betrokke by ITEC) gehad. Dit was voorwaar 'n voorreg om na so 'n inspirerende spreker met soveel lewenswysheid te kon luister. Hulle is van links: Mnr. Johan Volsteedt, Mnr. Uys le Roux (Skoolhoof van Hoërskool Reitz) en Attie Steyn (ITEC)

HOËRSKOOI REITZ SPOG AS 2DE BESTE IN SUID-AFRIKA



Hoërskool Reitz het 'n groot hoogtepunt beleef. Die Skole Ondersteuningsentrum (SOS) wys jaarliks die Top 20-kleinskole in Suid-Afrika aan, gegronde op die aantal leerders en die aantal onderskeidings (17 leerders / 30 onderskeidings). Hoërskool Reitz is volgens hierdie kriteria aangewys as die tweede beste skool in Suid-Afrika. 'n Spogprestasie waarop die skool nederig trots is. Die matriekonderwysers het die toekenning ontvang. Hulle is van links: Sherelle Nel, Dené Lourens, Cornél Stadler, Jeanette van den Berg, Niel Neethling, Uys le Roux (Skoolhoof), Riana Terblanche, Adri van Deventer, Nicola Deyzel, Ria Barnard en Amelia Zitzke.



Op reis na (n)êrens

OOM DANIE SKRYF...

deur Albie Schoeman

DEEL 7

Grendelstraat 81
Locktown
2020

14 Junie 2020

Liewe dominee Braam,

Dis is weer oom Danie. Oom sukkel deesdae om die lewe te verstaan. Veral as ons ministers probeer verduidelik hoekom haarkappers gevaarliker is as taxi ry. Oom se pa het altyd gesê, my kind solank jou mond toe is, sal niemand weet jy is stupid nie. Dis hoekom Oom liewer skryf as praat. Die winter is nou hier, Dominee. Weet Dominee op watter vlak die nudistekampe weer oopmaak? Oom vra maar net. Die tannie dink hulle dra nie maskers nie. Hulle wil mos alles wys. Met die koue is daar seker nie baie nie... Oom bedoel nudiste, Dominee. Verstaan Doms? En daar maak ons bottelstoor toe weer oop, Dominee! Oom sê vir die tannie dit is soos die eerste reën na die droogte. Die tannie was nie saam nie. Na haar moeilikheid by die winkel dink sy dis beter om in isolasie te bly tot die stof gaan lê. Ek dink ook so, Dominee. Voor my in die ry staan daar twee boudjies in 'n jean met bruin lokke en 'n groot trollie soos die waarmee die rykes koop. Oom weet hy moet nie, Dominee... Die tannie sê sy gaan nog 'n ding uitvind waarmee jy ou mans se gedagtes sanitise. Oom wou net vriendelik wees en

vra of sy brannas vir haar man kom koop? Toe sy omdraai, is sy nie meer 'n sy nie. Sy is toe 'n hy, Dominee. Sy is toe al die tyd haar man, as Dominee verstaan wat ek bedoel. Ag Dominee, jy weet mos Oom hoef nie moeilikheid te soek nie, dit kom vanself. Ek sê skuus my ou, die tannie kan jou hare ook sny as jy wil. Hy kyk my hare en sê oor sy dooie liggaam, dan dra hy eerder 'n kopdoek. Sê hy wat in die ry staan vir drank. Dominee Braam, ek dog almal mis 'n haarkapper. My vriend Willem laat weet daar is groot moeilikheid by hul kerk in Pertoria. Dominee weet dit is groot gemeentes daai en om net vyftig te kies wat mag kerkgaan, is moeilikheid soek. Hy sê die Kerkraad het 'n videovergadering gehou en aan die Dagbestuur opdrag gegee om 'n lys van vyftig op te stel. Die lys sal bindend wees en sal by die volgende kerkraadsvergadering bekragtig word. Die Dagbestuur besluit om praktiese redes, dat die Gemeentebedienskommissie die lys van vyftig moet saamstel. Wat bindend sal wees en by die volgende dagbestuursvergadering bekragtig sal word. Hy sê, maar weens tydsdruk, besluit die Gemeentebedienskommissie die Voorsitter moet die lys opstel en sommer uitnodigings aan die vyftig stuur. Wat natuurlik bindend sal wees en by die volgende vergadering bekragtig sal word.

Ag Dominee, en toe kom die duiwel in die prentjie. Met die dat die jag nou weer oop is, moet die voorsitter van die Gemeentebedienskommissie dringend Bosveld toe en vra sy vrou om 'n lys op te stel en uit te stuur. Sy sê dis reg my man, maar hoe



kies ek? Hy sê hy moet nog vir Adam en JC gaan oplaai en dit raak laat. Hulle wil nog voor donker gewere inskiet. Sy moet vyftig kies met 'n passie om die woord te versprei. Uit die aard van die saak sal haar keuse bindend wees en by die volgende vergadering bevestig word. Of dit nou toevallig is, Dominee, sal niemand weet nie, maar Sondag daag vyftig vrouens op wat weet hoe om die woord te versprei. Die woord, Dominee, nie die Woord nie... Dominee Braam, daar is nou groot onenigheid. Die Ring ondersoek

'n klagte van kaderontploffing en nepotisme. Hulle wil weet of dit toevallig is dat die meeste genooies die Kerkraad se vrouens is. Maar dis nie al nie, Dominee. In wyk twaalf loop die storie dik dat die Chinese ook agter Egipte se tien plaes gesit het. Verbeel jou Dominee! Die tannie sê nog voor die lockdown verby is, gaan ons hoor die kinders van Israel het woestynvlermuise in plaas van kwartels geëet. Vriend Willem sê die gemeente is nou so deurmekaar soos die regering se haarskeerbeleid.

Van hulle wil nou Sinode toe. Die lidmate Dominee, nie die regering nie... Wag my Doms, ek moet nog die buitekamer gaan regpak. Oom het die tannie belowe nog voor die lockdown verby is...

Groete vir Mevroutjie.
Oom Danie.

Amper vergeet ek, Doms. Net 'n vraag. Hoekom kry die kinders van Israel altyd die skuld? Waar was die grootmense in die Bybel se tyd?

Skets Erkenning: Mia Marais

BRITZ BOETIES SLUIT ATLETIEK OP HOË NOOT AF

Vanaf 7-10 April 2021 het die 2 boeties, André (Bees) en Tiaan Britz van Heilbron, saam met ander leerders van Vereniging Gimnasium aan die ASA kampioenskappe in die Paarl deelgeneem. Hulle het gevorder tot die finale rondte in diskus en het uitgeblink tussen 'n groep van 32 o/16 deelnemers. Bees was 5de en Tiaan 7de in hierdie groep. Die finale uitslae toon Bees 30ste en Tiaan 27ste op die ranglys.



JAARBEPLANNER

April 2021

23 Apr. AGS Kerk - Leon Goosen 18:30
30 Apr. NG Kerk Suid (Verkopings)

Mei 2021

1 Mei AGS Kerk - Kermis
28 Mei NG Kerk Suid (Verkopings)

Julie 2021

30 Julie NG Kerk Suid (Verkopings)

Augustus 2021

6, 13 & 20 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoop)
28 Aug. NG Kerk Suid
(Basaar / Saamkuier geleentheid)

Oktober 2021

1 Okt. NG Kerk Suid (Verkopings)

Desember 2021

4 Des. NG Kerk Suid - (Gholfdag en Kersmark)

APRIL SPECIALS

Valid Until 26 April 2021
058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za

COMBO SPECIAL 1

- 1 x 3m Stand Graphic
- 1 x 3m Graphic Wall
- 2 x 3m Banner Stand (40cm x 100cm)

R 7195

COMBO SPECIAL 2

- 1 x 3m Stand Graphic
- 2 x Directors Chairs
- 2 x 3m Banner Stand (40cm x 100cm)

R 6745

COMBO SPECIAL 3

- 1 x 3m Stand Graphic
- 1 x 3m Graphic Wall
- 1 x Foldable Table
- 1 x Miniature Table (40cm x 100cm)
- 2 x Directors Chairs
- 2 x 3m Banner Stand (40cm x 100cm)

R 10 495

COMBO SPECIAL 4

- 1 x 3m Miniature Banner
- 1 x Foldable Table
- 1 x Miniature Table (40cm x 100cm)
- 2 x Directors Chairs
- 1 x Pop Up Banner (1.5m x 3m)
- 2 x 3m Banner Stand (40cm x 100cm)

R 10 875

COMBO SPECIAL 5

- 1 x Executive Banner Wall (2m x 2m)
- 2 x Directors Chairs
- 2 x Miniature Pop Up Banners (1.5m x 3m)

R 6895

SPECIAL 6

- 1 x 3m Stand Graphic

R 4725

HOËRSKOOI HEILBRON VEEVEILING

Vleissentraal het Woensdag, 31 Maart 2021 'n groot veiling by die RAC (Royal Auction Centre) in Frankfort, ten bate van Hoërskool Heilbron gehou. Die skool het 1% van die kommissie van die dag se totale verkope ontvang. Mense was uitgedaag om te wys hulle bloed is Bronnie-groen en groot waardering was getoon vir elke boer wat vee na die veiling toe gebring het. Opregte

dank aan Vleissentraal vir die R70 000 bydrae tot die skool se finansies. "Ons wens vir julle is dat julle veilings en besigheid baie voorspoedig sal wees, dankie vir die omgee aan 'n plattelandse skool!" vertel Ellen-Louise Dreyer. "Ons het julle gasvryheid en vriendelikheid te RAC baie waardeer, dit was voorwaar 'n voorreg!"



Op die foto: Anita Els van Vleissentraal saam met Hoërskool Heilbron leerders Wilhelm Freyer, Liam Snyman en Ellouise Dreyer.

L&T BOERDERY
Since 1999

VAKATURE - FINANSIËLE BEAMPT

L&T Boerdery het 'n vakature vir 'n finansiële beampte. Die volgende vereistes word gestel:

- Rekeningkundige opleiding en toepaslike ervaring
- Baie goeie rekenaarvaardigheid in MS Excel, Word en Outlook
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê en saam in 'n span te werk
- Goeie kommunikasievaardigheid in beide Afrikaans en Engels

Slegs kandidate wat aan die nodige vereistes voldoen se aansoek sal oorweeg word. Diensaanvaarding: Soos ooreengekom

STUUR VOLLEDIGE CV AAN:
ltboerdery@yahoo.com

L&T BOERDERY
Since 1999

BETREKING - ONDERDELE/STOORMANKLERK

L&T Boerdery het tans 'n vakature vir 'n Onderdele/Stoorman klerk. Daar sal van die persoon verwag word om voorraad in die onderdele stoor te kontroleer en bestel van onderdele te behartig.

- Baie goeie rekenaarvaardigheid in MS Excel, Word en Outlook
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê en saam in 'n span te werk
- Goeie kommunikasievaardigheid in beide Afrikaans en Engels

Slegs kandidate wat aan die nodige vereistes voldoen se aansoek sal oorweeg word. Diensaanvaarding: Soos ooreengekom

STUUR VOLLEDIGE CV AAN:
ltboerdery@yahoo.com

KENNISGEWING

NEEM KENNIS

KENNISGEWING: Vanaf 1 Mei 2021 word die perseel in Unieffesstraat 35, Reitz gebruik deur 'n ten volle toegeruste begrafnisondermemer. Indien u enige beswaar het rig 'n geskrewe vertoë aan A & A Begrafnisdienste, Posbus 60, Petrus Steyn, 9640 of rig 'n e-pos aan sanja@aafuneralservices.co.za voor of op 15 April 2021.

NOTICE:

From 1 May 2021, 35 Unieffes Street will be used for a fully equipped Funeral Parlour. Please send any objections in writing to us at A & A Funeral Services P.O. Box 60, Petrus Steyn, 9640 or send an e-mail to sanja@aafuneralservices.co.za before or on 15 April 2021.

KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **BURGERT ADRIAAN OLIVIER**, Identiteitsnommer 290114 5002 082, wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **KATHERINA ELIZABETH OLIVIER**, Identiteitsnommer 300316 0001 088, wie woonagtig was te Huis Bron-van-Heil Bejaardesorg, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 12 Januarie 2020, **boedelnommer 001689/2020**.

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê. **JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33 POSBUS 119 HEILBRON, 9650 GEREISTREERDE OUDITEUR**

WEERVOORSPELLING

Sa. 17/4	8/22	Sonnig
So. 18/4	10/25	Sonnig
Ma. 19/4	8/27	Sonnig
Di. 20/4	9/25	Sonnig
Wo. 21/4	10/24	Gedeeltelik bewolk
Do. 22/4	10/24	Sonnig

POSTNET HEILBRON Besigheidsure

Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30

Saterdag:
09:00 - 12:00

Elsstraat 42 HEILBRON
Tel: 058 853 0006

Boerseep
Boerseep Poer
Tallow Balm
Aftershave Balm
Charcoal Soap
Diaper Cream
Baby Balm
Gastehuis Sepies
Skeerpeep & Kwassie

Delareyz Smit 082 940 3183
Heilbron - Reitz - Petrus Steyn

Winkelure
Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00
Vrydae:
07:30 tot 16:30
Saterdag:
08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

DIENSTE SMALLS

Andries Muller
072 447 7446
Vrystaat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesluit vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 onde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. Hannalie Claassen 079 040 0531

BIBLIOTEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
MAANDAE TOT VRYDAE - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

KENNISGEWING

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T14722/2010** Passed by: **THE SHERIFF OF THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA, (FREE STATE HIGH COURT, BLOEMFONTEIN)**, In favour of: **MARIA ELIZABETH MYBURGH, Identity Number 650622 0059 083**, married out of community of property in respect of: **ERF 1122 HEILBRON, (EXTENSION 15), DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 1823 (ONE THOUSAND EIGHT HUNDRED AND TWENTY THREE) SQUARE METRES. HELD BY DEED OF TRANSFER T14722/2010**, which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.

JOHANNES HENDRIK JANSEN CONVEYANCER
JANSEN PROKUREURS
58 PIERCE STREET,
HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2816
jhjansen@jansenprokureurs.co.za

BLOEDSKENK DATUMS

25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November

HISTORIESE PANELE VOORTREKKER MONUMENT



Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



■ Quarta Pretorius

DEEL 1

Oktober vanjaar is die 185ste herdenking van die Slag van Vegkop. Die Voortrekkers beoog 'n groot fees op Vegkop. In die aanloop tot Oktober het ek dit goed gedink om elke week iets oor die 27 friese in die Voortrekker Monument te plaas. Ons kinders ken glad nie die geskiedenis nie, en van ons ouer mense het al vergeet. Al die inligting is geneem uit Jackie Grobler se boek "Ontdek die Voortrekker Monument". Ek het toestemming by Jackie gekry om die berigte te plaas.

PANEEL 1 - DIE VERTREK
Die verhaal wat deur hierdie historiese fries uitgebeeld word, begin by die hoofingang van die Monument en ontplooi kloksgewys reg rondom die muur van die Helderzaal. Paneel 1 beeld die vertrek van 'n trekgeselskap uit die Kaapkolonie uit. Die landskap op die agtergrond toon die omgewing van Graaff-Reinet. Talle Voortrekkers, waaronder een Andries Pretorius, het uit daardie distrik weggetrek.

Terwyl sommige Trekkers nog inpak, klap een van die mans sy sweep en is sy wa al aan die rol. Links op die voorgrond plaas 'n jong vrou haar kosbaarhede, waaronder twee kandelare, in 'n trommel. In die agtergrond dra 'n man 'n swaar sak na die ander wa. Daar is huisraad, ornamente en alledaagse gebruiksartikels te sien, soos kersvorm, 'n ketel, 'n kolestrykster, 'n botterbak van hout en 'n driepootpot. Opvallend is die musiekinstrumente, naamlik 'n kitaar en 'n konsertina. Voorts is plaasgereedskap en vee, soos skape en bokke, sigbaar.

Die kunstenaar het intensiewe navorsing gedoen om te verseker dat alles korrek uitgebeeld word. Beide die kitaar en die konsertina was destyds al vervaardig en is volgens tydenootlike skriftelike bronne deur die Voortrekkers aangekarwei. Die grensboere kon met die uitgebeelde merinoskape geboer het, aangesien daardie ras al in die agtiende eeu die eerste keer na die Kaap ingevoer is. Daarbenewens het die kunstenaar vasgestel dat die agterwiele van die waens sonder uitsondering veertien en die voorwiele tien speke gehad het.



Late-Nite Video
Heilbron

Mussies met poniestert-gat en bypassende serpie - R125

Hondejassies - vanaf R40

072 807 7790
076 868 3837

VACCINATION AT TOKOLLO HOSPITAL

Health care workers in Heilbron and Edenville have the opportunity to be vaccinated at Tokollo District Hospital on 19-20 April 2021. This opportunity is open to both public and private sector health care workers. Beneficiaries include but is not limited to private pharmacies, OHC at factories, old age homes, general practitioners, dentists, etc.

In order for health care workers to be vaccinated they must first register online on Electronic Vaccination Data System (EVDS) at <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/> and select Tokollo Hospital in Heilbron as the vaccination site. You will then receive a confirmation SMS after registration with a link and answer a

short questionnaire, and thereafter receive a voucher which you must bring along with your ID and SANC/HPCSA/PHARMACY COUNCIL NUMBER on the day of vaccination.

Who is not eligible for vaccination?

- Recently diagnosed with Covid-19 within the last 90 days
- Received flu vaccine within the last 14 days.
- Immunized with hepatitis B within 14 days
- If pregnant, please consult your doctor for advice.
- Breast feeding woman
- Persons under the age of 18

For inquiries, send an e-mail to: boshofh@fshealth.gov.za, or vwylk1@fshealth.gov.za.

DONASIES VIR HEILBRON KLINIEK

• Kliniek Komitee

BEOOGDE PROJEKTE

Heilbron Kliniek benodig stoele vir buite die kliniek vir pasiënte wat wag om gehelp te word, asook vir die kwartaallikse projekte wat vir swanger vroue, kinders, jeug en bejaardes aangebied word. Hulp met tuindienste word ook benodig en enige vorm van donasie sal baie waardeer word.

Vir enige navrae kontak Hettie Rothman 084 252 2921, Riekie Els, 083 781 8891 of Lenie Roodt 072 243 9572.

PROJEK SKOONMAAK

Heilbron Kliniek se komitee beplan 'n skoonmaak- projek die 21ste April 2021.

Vanaf: 09:00

Plek: Heilbron Kliniek
Bring tuingereedskap en kom help asseblief. Dit is die gemeenskap se kliniek en enige hulp sal waardeer word.

Vir enige navrae kontak Hettie Rothman 084 252 2921, Riekie Els, 083 781 8891 of Lenie Roodt 072 243 9572.



Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer T 2699/2010 passed by

NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

in favour of **ANNA MATSOANE, ID: 370101 0182 087**, in respect of certain

ERF 693 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE,

which has been lost or destroyed. All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 14th day of April 2020.

(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON
9650
TEL: 058 852 2035

SMALLS KENNISGEWING

KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **WILLEM ADRIAAN DE JONGH**, Identiteitsnommer **370929 5004 082**, wewenaar wat woonagtig was te plaas Buffeldoom, distrik Koppies, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 2 Mei 2019, **boedelnommer 004453/2019**. Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Koppies, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê. **JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
BREËSTRAAT 33
POSBUS 119
HEILBRON, 9650
Geregistreerde Ouditeur

MATRIKULANTE VAN 1971 VIER 50 JAAR!

So opgewonde soos skoolkinders het die matrikulante van 1971 van Willem Pretorius Sekondêre Skool hulself gereed gemaak vir 'n wonderlike herontmoeting!

Die geskarrel was nie tipies van byna 70-jariges nie, nee, teen hierdie tyd kan mens beplan, besluit en doen!

Tussen Vrydag en Saterdag het almal op Goedehoop aangekom en Vrydagaand is almal vermaak met sang van Elsa (Crause) van Rensburg en interessante inligting oor Van Loveren wyne is deur Danie Hattingh gedeel.

Saterdag is foto's van toeka tot nou in diepte bespreek en geniet. Die wildsrut was uitsonderlik met die verskeidenheid spesies wat spekvet rondloop. Met Dawn Wessels se spyseniering kon almal net geniet en lekker kuier. Dankie aan Frik de Wit se hulp met baniere en ou Jaarblaai wat verkry en waardeer kon word.

Saterdagagaand was die hoogtepunt met 'n uithaler dinee. Pamela (Harris) van Rensburg het die heildronk ingestel op die skool, leerkragte en die Klas van 1971. Elsa en Louise (Kaiser) van der Westhuizen het trofee en sertifikate oorhandig aan elke oud-matrikulant. Daar is kerse aangesteek vir ons maters wat ons

voortgegaan het. Hulle is Albert Zietsman, Andries Howell, Jan-Harm de Wet, Francois van der Merwe, Magda van Schalkwyk, Annette Cronje, Elmien Roos, Fanie Nelson en Nico Viljoen. Gerben het almal bedank en oorhandig pragtige Olyfbome aan

die Hattinghs as blyk van ons waardering.

Sondag sorg vir 'n heerlike verrassing. Frik het 'n Kerkdiens-boodschap van Ds. Attie Bogaards – ook 'n klasmaat – gespeel. Met siele ook gevoed, baie stof tot nadenke en diepe dankbaarheid,

moes ons afskeid neem.

Innige dank aan Danie en Marise Hattingh en hul span vir 'n onvergetlike naweek – propvol herontdekte respek, liefde en insig.

Finem Respite!



Almal spog met hulle sertifikate en toekennings. Matrikulante van 1971: Agter: Pamela (Harris) van Rensburg, Herman de Bruyn, Frik de Wit, Gerben de Graad, Sias Spangenberg, Danie Hattingh en Danie Nieuwenhuizen. Voor sit Elsa (Crause) van Rensburg, Elsie (Dannhauser) Ruppig, Louise (Kaiser) van der Westhuizen, Raaitjie (Crous) Kriek, Ina (Eksteen) Naude en Linda (Mynhardt) Torocsic.

HEILBRON VEGKOP GGN KAMP 2021

Op 9 Maart om 15:00 is daar met groot verwagting en opgewondenheid vertrek na die Vegkop Slagveld terrein vir die Heilbron Voortrekkers se jaarlikse GGN Kamp. Almal was uit hul nate van opgewondenheid om na bykans 'n jaar weer saam te kon kamp. Tente is met groot joligheid opgeslaan en slaapsakke reg geskud. Die volgende Voortrekker kommando's het die kamp saam met Heilbron Kommando bygewoon: Frankfort, Jordania - Bethlehem, Piet Geyer - Reitz, Vaalpark, Orion - Vanderbijlpark, Sasolburg en Voor-die-berg - Pretoria. Daar was 'n totaal van honderd-vyf-en-tagtig kinders, offisiere en ouers wat die kamp bygewoon het. As gaste was daar ook die Voortrekker Hoofleier, Dr. Danie Langner en van die FAK Jan-Danie Malan wat ook die kamp besoek en toegesprek het. Die Voortrekker Adjunk-gebiedsleier vir PD sake, Annemie Bosman het ook lekker saam gekamp. Dankie vir die gebied se teenwoordigheid by die kamp.

Offisiere, Verkenners en aanbieders het van vroegoggend tot laataand bontgestaan om die volgende spesialisasies vir die kinders aan te bied:

- Gr R en Gr 1 - Lekker sing en Ek weet.
- Gr 2 - Veldkook en Dierewaarneming.
- Gr 3 - Handwerk en die Kok.
- Gr 4 Gasheer/Gasvrou en Dierekennis.
- Gr 5 - Godsdien en Boeresport.
- Gr 6 - Anglo-Boereoorlog.
- Gr 7 - Afrikanerkind.

Deur al die spesialisasie klasse wat aangebied was, is die negentigste bestaansjaar van die Voortrekkers ook gevier! Die aandprogram was gelei deur Riana Mouton met Krokkie en Tannie Popcorn.

Heilbron Voortrekker Kommando wil hiermee ook al die plaaslike borge bedank vir al die skenkings en insette om hierdie kamp moontlik te kon maak. Dankie aan elke offisier, kind, aanbieder en ouer wat hierdie GGN kamp een reuse sukses gemaak het!

*Wat maak 'n kamp so lekker?
Dis koffie, pap en wors!
Wat maak 'n kamp so sleg?
Dis tandeborsel en stort!
Wat maak 'n kamp so hartseer?
Dis oppak en groet!*





AP Kerk Heilbron Gholfdag
24 April 2021



Skape, bokske en vele meer pryse te wen

Heilbron Gholffklub
Reprekings: Gerrie Muller 083 6207018

Inskrywing: R 300 per speler
Formaat: Best drive Better Ball
Afsaam: 10:30 vir 11:00 (Shotgun start)

Halfweg- en aandete ingesluit



FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES

HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com

OPSOEK NA
Kor de gemaakde

VERKIESE:
• GRONTAAN
• REITZ
• HADTWEKEND
• DIE VERKIESE

STUUR JOU TV NA
dieskratator@gmail.com

BKB Louwid

Die komende week se **BELANGRIJKSTE** veilings

MAANDAG - 19 APRIL 2021

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

DINSdag - 20 APRIL 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

DonDERdag - 22 APRIL 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

BOTHASPAS: ALS BOVELDER
PRODUKSIEVEILING
350 Beeste
11:00, Bothaspas veilingkrale
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

PARYS/SASOLBURG:
VOORSPOED BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
280 Beeste
11:00, Meyerskraal, Sasolburg
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VRYdag - 23 APRIL 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 414 4228

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za